

**Om te kan**  
**Skryf oor die Waarheid**

## Opheldering oor die proses van skryf - Waarheid

Met 'n innige geestelike suiwerheid sal daar 'n proses van verbinding kom deur YAHUSHA wat 'n weg is deur jou innerlike wat moet luister na VADER, want deur SY Seun YAHUSHA, sal VADER werklikheid laat manifesteer. As uitverkore sal jy as mens in geleenthede geplaas word dat jy sal agterkom dat YAHUSHA met jou gedagtes werk. Om in so 'n geestelike toestand te kan versink, saam met YAHUSHA, moet jy jouself losmaak van die aardse. M.a.w. fokus jou sinne en wese op VADER se ryk wat nie van die wêreld is nie.

Soos bo genoem, 'n gekonsentreerde skrywer “ ontvang hy YAHUSHA” waarvan YAHUSHA, VADER uitstraal om die mens se hart te tref. Geestelike lering lê in hom of haar wat so wil lees om te kan verdiep in die werklikheid van VADER se realm. Die werkstuk inhoud van 'n onbekende realm wek strydvrage, maar tog dié verdiepte gedagtes beantwoord die inhoud daarvan. YAHUSHA wat die Woord van VADER is moet ten alle tyd oorgebring word, want Hy is die bron wat in diepte behandel word. YAHUSHA as die Losser is daar vir die leser in jou werke wat in liefde onderrig word tot VADER

Wat belangrik is, is dat aardse werke nie prioriteit moet geniet nie, dus tot beskerming bid voor enige saak wat jy ook al mag aanpak. Bid en lê die saak voor VADER in YAHUSHA sodat Hy jou kan ondersteun in enige saak wat jy aanbied voor VADER. Dwaling sal onwaarskynlik wees as YAHUSHA die saak ondersteun en jou lei. YAHUSHA het Sy werkers(boodskappers)wat Hom gehoorsaam is wat jou sal ondersteun in jou take. Jou mikpunt is VADER daarom sal YAHUSHA jou oppas dat dit wat jy ook al mag aanpak ongesteurd voortgaan.

Wat onthou moet word is dat VADER alle sake beproef. Jy as uitverkore word geroep uit YAHUSHA se vergadering om vir VADER te werk aan SY hemelryk. Met begeerte van die uitverkore om vir VADER te werk sal sy denkvermoë hom nie teleurstel nie, omdat sy wil goed is in VADER se oog. Al die wat werksaam wil wees aan VADER se ryk sal VADER die bose verbied om toegang tot jou werke te hê. M.a.w. leuens, bedrog en onkundige 'wat almal dwalende geeste is' sal verbied word.

Dienaars van VADER betuig VADER in hul wils vrye opname tot HOM. Tog gryp VADER sy wilsvryheid in hom vas en lei hom. Die dienaars van reg wil slegs dit uitvoer wat VADER behaag. VADER verwag oorgawe van jou wil sodat jou menslike opvattinge in 'n geestelike onderrigting kan uitspruit en eie nadenke kan groei. VADER ken die vrye wil van die mens daarom bespeur HY die rigting waarin die skrywer sy wil stuur.

VADER laat toe dat spontaniteit van die mens na vore kom. HY onderdruk nie die mens om net korrek te wees nie. Dus kom verkeerd ook na vore, maar met 'n gehoorsame student sal hy leer deur sy foute. Met die guns en beskerming van VADER het die vrye wil skrywer toegang tot ope geestelike kragte wat die duisternis ook insluit. Indien die mens aan YAHUSHA se hand hou en enige saak ondersoek of aanpak sal hy beskerm bly tot en met die mens anders besluit om YAHUSHA se hand te los.

Die wat die weg na die ewige begin stap sal VADER nooit alleen laat nie. Hy wat na VADER verlang, hom sal VADER in besit neem. Die wat die amp opneem op aarde om werksaam vir VADER te wil wees sal rus en tevredenheid ontvang. Ja met lus en graagte sal hy vir VADER werksaam wees. Beskerm teen verkeerde denke en teen verkeerde geestelike invloede sal hy bespeur omrede hy YAHUSHA "soos 'n Johannes van ouds" se ontvangs verbreed by die mensdom. YAHUSHA sal hom beskerm teen onsuiverhede wat die teeparty aan hom voorhou.

Daar waar YAHUSHA ontvang word is waarheid en liefde tot VADER. Verkeerde leer en invloede sal nie bestaan nie, want dit kom van die bose. YAHUSHA sal geen onsuiverhede toelaat in die vergadering waar VADER se dienaars is nie. Met YAHUSHA se teenwoordigheid sal 'n suiwer geestelike lering uit jou werke uitstraal. In enige saak / vergadering waar waarheid bespreek / geskryf word, daar sal 'n onvoorwaardelik spontaniteit wees wat by die mens gekweek word deur YAHUSHA en Sy boodskappers waarvan die mens nooit daar sou uitkom sonder YAHUSHA nie.

Ns: Die traktaat is my interpretasie van 'n e-pos wat ek ontvang het by 'n man.... Met nadere ondersoek het ek gesien dat dit werke was van Bertha Dubbe en waarvan sy 'n aanhanger was van Jakob Lorber. Beide Bertha en Jakob is uit vir my weens hulle sodanige geestelike 'illusies' Tog is daar soveel reg in hulle werke wat hulle ontvang het van hulle koning. 'n Klomp verdraai en misbruik woorde tot verleiding van die uitverkore is in hulle werke. Daarom het ek dit goedgevind om terug te vat wat aan ons as die uitverkore behoort en dit reg deur te gee sodat ieder en elk wat lees van die uitverkore dit kan verstaan.

Mag VADER u aansien en YAHUSHA u lei in die werke van waarheid.

Vrede